

Sing vooraf staande: Psalm 95:1, 4 (p. 477)

- 1 Kom, laat ons jubel voor die HEER, / laat ons Hom toesing lof en eer –
die rots van heil wat ons oordek het. / Laat ons met lof en eerbiedsgroet
sy vriendlike aangesig ontmoet / wat nuwe vreugde in ons gewek het.
- 4 Hy's onse God en Herder, Hy, / en ons die skape van sy wei
wat uittrek onder sy beskerming. / As jul vandag sy roepstem hoor,
verhard jul nie, maar neig jul oor, / merk op die roep van sy ontferming.

Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom? My hulp is van die HERE wat hemel en aarde gemaak het.

Genade en vrede vir julle van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste voor sy troon, en van Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde.

Amen.

Loflied: Psalm 122:1, 2 (p. 610)

- 1 Ek was verheug toe die geluid / weerklink het bo die ruimtes uit:
Kom, laat ons optrek hiervandaan, / om na die HEER se huis te gaan!
O heil'ge stad, gelukkige oord, / ons voete staan nou in jou poort!
Jerusalem, waar al die stamme / op Gods bevel hul feesdag hou,
Jerusalem is goed gebou / en glinster in die son se vlamme.
- 2 Daar staan die Dawidstroon gestig – / 'n regterstoel vir die gerig.
Gelukkig hy wat jou bemin, / wat juigend gaan jou poorte in
en bid dat vrede lank mag duur / in jou paleis en vestingmuur.
Om vriende en broers soek ek jou vrede; / en om Gods huis, my hoogste skat,
soek ek vir jou die goeie, o stad, / wat skoonste is van alle stede.

Geloofsbelydenis: Nicea

Wet

Psalm 38:1, 8, 17 (p. 189)

- 1 Straf tog nie in ongenade / my misdade, / HEER, verdra my met geduld.
Wil tog nie in toorn ontsteek nie / en U wreek nie / op my sonde en sondeskuld.
- 8 HEER, U weet hoe hart en sinne / staan daarbinne / as ek worstel in my leed.
Voor U is my sugte en sorges / nie verborge, / daar U alles sien en weet.
- 17 Wil my, HEER, in hierdie lewe / nie begewe; / wees nie ver van my gebed!
Hoor die roepstem van 'n lyder, / o Bevryder / wat my altyd uit wou red!

Gebed

Psalm 24:1, 2 (p. 111)

- 1 Die ganse aarde, land en meer / met al wat leef, is uwe, HEER!
U het die waters in hul woede / betuel in die skeppingstond
en het die aarde vas gegrond / op wye seë en watervloede.
- 2 Wie sal die Godsberg op kan gaan, / en wie sal op sy top kan staan,
omskitter deur Gods heilighede? / Die man wat rein van hart en weg,
sy siel aan nietigheid nie heg, / en trou is aan sy woord en ede.

Skriflesing: Lukas 16:1-13

Kernverse: Lukas 16:8b-9

Die mense van hierdie wêreld tree onder mekaar slimmer op as die mense van die lig. En Ek sê vir julle: Gebruik die oneerlike mammon om vir julle vriende te maak sodat wanneer die geld nie meer help nie, hulle julle in die ewige wonings sal ontvang. (Lukas 16:8b-9 AFR83)

Tema: Jou hantering van alles wat jy het, wys hoe seker jy is oor jou ewige bestemming

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, wanneer jy mense sou vra waarheen hulle gaan wanneer hulle die dag sterf, wil ek dit waag om te sê dat 'n groot aantal mense maklik sal antwoord dat hulle hemel toe gaan. Die hartseer hiervan is dat nie almal van hulle die waarheid praat nie. Nie almal wat sê dat hulle hemel toe gaan, gaan werklik daar wees nie. Baie wens maar hulle kan hemel toe gaan, maar min is werklik seker dat hulle hemel toe gaan.

Nou sal jy sekerlik wil weet hoe kan 'n mens seker wees dat jy hemel toe gaan. Wel, Jesus wil juis dit by ons inskerp met hierdie Skrifgedeelte vanoggend. En dit is 'n heel eenvoudige en praktiese manier waarmee jy en ek seker kan wees oor waar ons ewige bestemming is. Dit gaan oor hoe ek en jy dit wat ons het, gebruik. Die manier waarop ons gebruik maak van alles wat ons het, sal wys hoe seker ons is oor ons ewige bestemming.

Laat ons eers stilstaan by die gelykenis wat Jesus vertel. Die ryk man in die verhaal het te hore gekom dat een van sy bestuurders sy geld vermors het. Dit is soos iemand wat jy aangestel het om vir jou te werk. Aanvanklik was die persoon se werk so goed dat jy mettertyd meer en meer verantwoordelikheid aan hom gegee het. Op die ou end was jy so tevrede met die persoon se werk dat jy hom die bestuurder van jou besigheid gemaak het. Maar 'n jaar of wat later kom die klagte by jou uit dat die bestuurder jou besigheid wanbestuur. Die wins wat jy vroeër uit die besigheid gekry het, het al kleiner geword en jou besigheid dreig nou om teen 'n verlies te werk. Die beste manier om agter te kom wat aan die gang is, is om die bestuurder verslag te laat doen oor die stand van sake.

Dit is wat hierdie ryk man ook met sy bestuurder gedoen het. Maar in hierdie geval was die wanbestuur van die bestuurder so erg en vir die ryk man so duidelik dat hy sommer aan die begin al vir hom sê dat hy nie langer bestuurder sal kan wees nie. Dus moet hy maar verslag kom doen en die pad vat.

Hierdie bestuurder het geweet sy dae is getel. Hy probeer nie eers verskonings maak nie, want hy weet hy is skuldig. Maar nou sit hy met 'n probleem. Hy het nog nooit harde handarbeid gedoen nie. En op sy ouderdom sien hy nie kans om dit nou te leer doen nie. Oor die jare het hy 'n hoë lewenstandaard gehandhaaf. Hy het graag mense onthaal en mense het hom aangesien vir 'n baie ryk man. Daarom, vir bedel sien hy nie kans nie, want hy sal sy oë uit sy kop uit skaam as die mense wat vroeër gedink het hy is ryk, hom nou moet sien bedel.

Toe besef die bestuurder dat daar vir hom nog net een uitweg oorbly. Totdat hy die boeke aan sy baas moet teruggee, is hy darem in beheer daarvan. Hy weet ook hoe hy die skuldenaars van sy werkgewer eintlik meer laat betaal het as wat hy moes. En dit het veroorsaak dat baie van die skuldenaars so diep in die skuld was dat hulle nooit daar sou uitkom nie. Nou gaan hy juis hierdie skelmstreek van hom teenoor die skuldenaars in sy guns laat swaai.

Hy het die skuldenaars laat roep en hulle een-een die skuldbewyse laat aanpas. Vir die een het hy sommer vyftig persent van die skuld afgeskryf en vir 'n ander een twintig persent. Met hierdie kamma goedhartigheid het die bestuurder vir hom eintlik 'n assuransie uitgeneem. Hy het die skuldenaars van sy werkgewer sy vriende gemaak en deur die skuld vir hulle af te skryf, het hy die versekering gehad dat hulle hom in hulle huise sal ontvang wanneer hy nie meer werk het nie.

Broers, susters en kinders, luister nou net wat is Jesus se kommentaar na aanleiding van hierdie oneerlike bestuurder se manier van werk. Hy sê:

Die mense van hierdie wêreld tree onder mekaar slimmer op as die mense van die lig (Lukas 16:8 AFR83).

Hierdie oneerlike bestuurder het presies geweet watter soort beginsels in hierdie wêreld werk. Korrupsie, bedrog en afpersing is aan die orde van die dag. As jy weet hoe om van hierdie dinge

gebruik te maak, kan jy vir jouself 'n baie lekker gemaklike lewe in die toekoms verseker. En dit is presies wat hy gedoen het. Met korrupsie en bedrog het hy gesorg dat die skuldenaars van sy werkgewer sy vriende word. Later sou hy, as dit miskien nodig sou wees, afpersing gebruik as hulle hom tog nie in hulle huise wil ontvang nie.

Jesus sê die mense van hierdie wêreld – die mense wat dink dat hierdie lewe al is en nie daaraan dink dat daar ook 'n ewige lewe is nie – weet presies hoe om die beginsels van hierdie wêreld te gebruik sodat hulle die beste voordeel vir hulleself daaruit kan kry. Die mense van hierdie wêreld, sê Jesus, is slimmer as die mense van die lig.

Die mense van die lig, geliefdes, is niemand anders nie as hulle vir wie Jesus, ons enigste Verlosser, uit die duisternis van die sonde in die wonderbare lig van sy Vader ingelei het. Die mense van die lig is hulle in wie die Heilige Gees al die wonderlike gawes, wat Christus aan die kruis verwerf het, as eiendom wil gee. Hierdie wonderlike gawes is om van jou sondes verlos te wees, om kind van God te wees en om die ewige lewe te mag hê. Dit is die ware rykdom waarvan Jesus in vers 11 praat.

Ons moet nou mooi hoor wat Jesus hier vir ons sê. Hy sê dat ons nog nie geleer het hoe om die beginsels van sy koninkryk te gebruik tot ons eie voordeel nie. Hierdie oneerlike bestuurder het met die sondige beginsels van hierdie wêreld vir homself 'n gesellige aftrede verseker. Natuurlik het dit vir hom net oor die lewe hier en nou gegaan. Broer, suster en kind, ek en jy weet dat die lewe hier en nou op hierdie aarde nie die enigste lewe is nie. Ons weet dat daar anderkant die dood 'n ewige lewe in die hemel of 'n ewige dood in die hel vir alle mense wag. Daarom dan nou hierdie vraag: Watter voorsorg het ek en jy al getref om vir onself die lewe hierna te verseker? Maar as ons dit so vra, klink dit asof ons vir onself 'n plek moet oopwerk hemel toe, en dit weet ons mos is nie hoe dit werk nie. Ek het jy kan tog nie iets doen om in die hemel te kom nie. Jesus Christus het alles klaar gedoen sodat ons hemel toe kan gaan. Maar wat leer Jesus ons dan nou hier?

Om te begryp wat Jesus ons hier leer, vestig die Heilige Gees nou ons aandag op vers 9:

En Ek sê vir julle: Gebruik die oneerlike mammon om vir julle vriende te maak sodat wanneer die geld nie meer kan help nie, hulle julle in die ewige wonings sal ontvang (Lukas 16:9 AFR83).

Om vir onself die prentjie duidelik te maak, kyk ons eers na die deel wat begin met *sodat*.

Sodat wanneer die geld nie meer kan help nie, hulle julle in die ewige wonings sal ontvang (Lukas 16:9 AFR83).

Die OAV help ons om dit nog beter te verstaan:

sodat wanneer julle die lewe verlaat, hulle jul in die ewige tente kan ontvang (Lukas 16:9 AFR53).

Die dag wanneer ons sterf, is die dag wanneer geld nie meer kan help nie. Die dag wanneer ons sterf, is ook die dag wanneer ons uit ons diens in hierdie lewe ontslaan word.

Broers, susters en kinders, ons lewe hier op aarde deur die genade van die Here. Hy het die lewe aan ons geskenk. En soos ons in Psalm 24 gesing het, behoort alles wat op hierdie aarde is aan die Here. Alles wat daar bestaan, het Hy geskep en daarom is dit syne. In plaas daarvan dat die Here alleen oor alles regeer wat Hy geskep het, het Hy die mens aangestel om bestuurder te wees oor alles wat aan Hom behoort. Geliefdes, ek en jy is bestuurders in diens van die Here en alles wat Hy aan ons toevertrou het, moet ons so bestuur dat Hy heelyd daardeur verryk word. Dit beteken dat ons alles waaroor ons beheer het, so moet bestuur dat God die eer kan ontvang.

Ons is dus bestuurders in diens van die Here hier op aarde. En alles wat die Here onder ons sorg geplaas het – en met alles bedoel ons letterlik alles – ons tyd, ons selfoon, ons rekenaar, ons geld, ons huisgesin, ons kos, ons klere, ons kar, ons kom agter *alles* beteken letterlik alles. Goed, ons

moet alles wat die Here onder ons sorg geplaas het so gebruik dat Hy voordeel daaruit kry. Daar kom immers 'n dag wanneer ons uit hierdie diens ontslaan gaan word. Die dag wanneer ons sterf, is die bestuur van God se skepping hier op aarde vir ons verby. Dan moet ons verslag doen aan ons Werkgewer, die Here, oor wat ons met al sy goed gedoen het wat Hy aan ons toevertrou het. Broers, susters en kinders, ek is seker ons kom nou almal agter waarop dit alles afstuur.

Die verslag wat Jesus as Regter gaan lees wanneer alle mense voor Hom verskyn, gaan bepaal wie van hulle nog vir ewig in sy diens gaan wees in die hemel en wie van hulle vir ewig afgedank sal word omdat Hy nooit iets meer met hulle te doen wil hê nie. Weet ek en jy, is ons verseker van ons ewige bestemming?

Jesus leer ons hoe ons nou al seker kan wees oor ons ewige bestemming. Hy sê:

Gebruik die oneerlike mammon om vir julle vriende te maak (Lukas 16:9 AFR83).

Ons weet almal dat *mammon* geld beteken. Jesus praat inderdaad hier van geld, maar Hy praat nie net van geld nie. Hy praat van alles wat ons in hierdie lewe gekry het sodat ons kan lewe en Hom kan dien. Dit is alles wat die Here onder ons sorg geplaas het om vir Hom te bestuur. Wat 'n mens egter so bietjie onkant vang, is dat Jesus praat van die oneerlike mammon.

Met *oneerlike* bedoel Jesus nie dat oneerlikheid en alles wat sleg is in geld is nie. Sonde en verkeerde dinge is nie in goed nie, maar in mense. Dit is mense wat hulleself wysmaak dat hulle met hulle geld en hulle besittings vir hulleself 'n aangename lewe kan verseker. Dit is die mense wat hulleself so deur hulle besittings laat verblind dat hulle dink as hulle nie geld en goed het nie, is hulle lewe eintlik nou maar verby. Dit is ook die mense wat dink hulle kan selfs die Here met hulle besittings omkoop soos wat hulle mense daarmee kan omkoop. En die dag wanneer hulle sterf, sien hulle hoe oneerlik mammon regtig is. Al hierdie rykdom wat hulle op aarde gehad het, kon nie vir hulle 'n plek in die hemel koop nie. Hulle het verslaaf geraak aan die welvaart in hierdie lewe in plaas daarvan om verslaaf te raak aan die Here se genade.

Ons kan nie sonder geld klaarkom nie, geliefdes. Die Here weet dit ook. Daarom gee Hy elke maand vir jou en my 'n inkomste aan geld. Maar Hy gee ook nog baie ander dinge wat eie is aan hierdie wêreld. Hy gee vir ons huise en karre en rekenaars en vrouens en mans en wat nog alles. En nou sê Jesus: Gebruik hierdie dinge om vir julle vriende te maak.

Wie moet ons ons vriende maak? sal jy miskien kan vra. Ek is oortuig dat hulle wat ons in die ewige wonings sal ontvang, diegene is wat ons ons vriende maak. En natuurlik is dit ten eerste God die Vader en sy Seun wat ons in die ewige wonings ontvang, en seer sekerlik al die ander gelowiges, arm en ryk, wat ons vooruitgegaan het die hemel in. Nou hoe maak ons die Vader en Christus en al die ander heiliges wat ons vooruitgaan ons vriende deur gebruik te maak van die oneerlike mammon?

Broers, susters en kinders, hier is geen sprake van omkoperie nie. Ons kan God tog nie omkoop met wat Hy vir ons gegee het, want dit is mos syne. Wanneer ons egter alles wat die Here aan ons toevertrou het so gebruik dat Hy geëer word en ons naaste op watter manier ook al bevoordeel word, dan het ons vriende gemaak deur middel van die oneerlike mammon. Dan het ons alles wat die Here aan ons toevertrou het nie gebruik om onself te bevoordeel en daaraan vasgeklou asof ons lewe daarvan afhang nie. Ons lewe hang immers nie af van die goed wat die Here vir ons gegee het, maar ons lewe hang van Christus af.

Eers wanneer 'n mens seker is oor jou ewige bestemming, kan jy alles wat die Here aan jou toevertrou het so gebruik dat God verheerlik word en jou naaste bevoordeel word. Jy weet immers jy het 'n erfporie in die hemel wat die Here vir jou in bewaring hou en dit is ontelbaar meer werd as al die kos en klere, tyd en geld wat ons in hierdie lewe bymekaar sal kan maak. Party mense is ryk aan

tyd, ander is weer ryk aan klere. Waaraan ek en jy ook al ryk is, wat die Here ook al vir jou en my in oorfloed gegee het, daarmee moet ons goed doen en daarmee moet ons ryk wees in goeie daade, vrygewig en mededeelsaam. So sal ons vir ons 'n skat as 'n goeie belegging vir die toekoms vergader. Geliefdes, wat ons ook al van die Here ontvang het, moet ons volgens die beginsels van God se koninkryk gebruik. En in God se koninkryk is daar net twee beginsels: Ons moet God liefhê en ons moet ons naaste liefhê. Wanneer ons gebruik van alles wat ons het vir God, vir onself en vir ander mense wys dit dat ons God liefhet en ons naaste liefhet, dan maak ons reg gebruik van die oneerlike mammon.

Geliefdes, ons sê weer dat ons niks kan doen om in die hemel te kom nie. Vir die mense wat in Christus glo, het Hy alles klaar gedoen. Maar die wyse waarop ek alles wat aan my toevertrou is, gaan gebruik, sal wys of ek seker is dat my ewige bestemming ook deur Christus verseker is of nie.

Ons kom terug na wat ons aan die begin gesê het. As jy mense sou vra of hulle hemel toe gaan, sal baie sê ja, hulle gaan soontoe. Ek en jy weet dat nie almal wat ja sê regtig in die hemel sal wees nie. Baie van hulle wens maar net om daar te wees. Jy hoef nie te wens om in die hemel te wees nie, broer, suster en kind wat in Christus glo. Jy kan seker daarvan wees. Wys dit nou ook in die manier waarop jy alles wat jy het, gebruik.

Amen!

Gebed

Slotpsalm 25:2, 5 (p. 115)

- 2 Leer my, HEER, u regte weë, / wys die regte pad my aan;
maak my hart daartoe geneë, / om met lus daarop te gaan.
Wil my deur u waarheid leer, / lei my dwalende gedagte;
want u is my heil, o HEER! / U is ek altyd te wagte.
- 5 Ja, Gods weg is goedheid, klaarheid, / en sy weg altyd getrou
vir wie wandel in sy waarheid / en op sy beloftes bou.
Wil my dan, u Naam ter eer, / al my sondeskuld vergewe;
want ek het teen U, o HEER, / swaar en menigmaal misdrewe!

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
14 Oktober 2012